

SA's Leading Past Year

Exam Paper Portal



You have Downloaded, yet Another Great
Resource to assist you with your Studies 😊

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za



SA EXAM
PAPERS



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

RELIGIESTUDIES V2

FEBRUARIE/MAART 2018

NASIENRIGLYNE

PUNTE: 150

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 14 bladsye.

VRAAG 1

1.1 1.1.1

VOORBEELD 1: CHRISTELIKE GODSDIENS

- Katolieke
- Protestante
- Oosters-Ortodokse/Charismatiese kerke

VOORBEELD 2: AFRIKA TRADISIONELE GODSDIENS

- AmaZulu (Suidelike Afrika)
- Aka
- Yoruba

LET WEL: Ken twee punte toe vir die noem van elke vertakking. Die totaal van SES punte word toegeken vir die noem van ALLE vertakkinge van die godsdienste gekies. In die geval van Islam, word ses punte toegeken as Soenni-Islam en Sjia-Islam genoem is.

(6)

1.1.2

VOORBEELD 1: CHRISTELIKE GODSDIENS**Katolisisme**

- Die Pous word as Sint Petrus/die Heilige Petrus se opvolger beskou.
- In dié bevoegdheid word geglo dat hy alle Christene verteenwoordig.
- Die Katolieke Kerk beskou homself as die oorspronklike kerk.
- Hulle glo dat almal in sonde gebore is as gevolg van Adam en Eva se ongehoorsaamheid aan God.
- God bestaan uit drie persone: die Vader, die Seun en die Heilige Gees.
- Die Heilige Gees kom van God die Vader en die Seun.

Oosters-Ortodokse

- Die Heilige Gees kom slegs van God die Vader.
- Hulle glo dat hulle die kerk is wat reg/regverdig/behoorlik gelei is.

Protestantisme

- Die Bybel het meer gesag as die Pous.
- Hulle leer dat geloof die weg na verlossing is.
- Hulle leer dat verlossing 'n geskenk is wat vrylik deur die werk van Jesus Christus gegee word.

VOORBEELD 2: AFRIKA TRADISIONELE GODSDIENS**AmaZulu**

- Hulle glo in die bestaan van 'n Opperwese wat uMvelinqangi genoem word.
- Sy status is so hoog dat jy deur tussenpersone met Hom moet kommunikeer.
- Kommunikasie word gedoen deur die tussenpersone wat voorvaders genoem word, ook bekend as die lewende dooies.
- Die AmaZulu erken die bestaan van verskillende gode en godinne, bv. uNomkhubulwane in die Zulu-nasie.
- Die Opperwese word beskou as die bron van lewe en die uiteindelijke oorsaak van die dood.

Aka

- Hulle glo ook aan 'n skeppergees, genoem Bembe.
- Hulle glo Bembe het na die skepping afgetree.
- Die woudgees of bosgees, genoem Dzengi, kry deesdae die meeste aandag. Dit is omdat die Aka glo dat hulle Dzengi se beskerming tydens jag nodig het.
- Hulle glo aan reïnkarnasie, maar dit gebeur slegs binne 'n spesie.
- Hulle glo aan towenaars en hekse wat ongeluk na mense kan stuur.

Joroeba

- Hulle glo dat Olorun/Olodumare die skeppergees is.
- Hulle glo ook aan godhede wat orishas genoem word.
- Voorvaders is ook vir die Joroeba belangrik.
- Hulle vereer en offer aan die voorvaders, baie soos die amaZulu.

LET WEL: Enige sewe relevante feite moet gekrediteer word. Relevante alternatiewe antwoorde moet gekrediteer word. (14)

1.1.3

- Daar is volledige skeuring/skeiding/afsondering.
- 'n Voorbeeld is die Soenni-Sjia-skeuring/skeiding in Islam.
- Wat as 'n politieke verskil begin het, het na belangrike verskille in beide geloof/oortuigings en praktyke gegroei.
- 'n Skeuring kan selfs tot openlike oorlogvoering lei.
- 'n Voorbeeld hiervan is die Ierse oorlog tussen die Katolieke en Protestante.
- Sommige godsdienste is meer bereid om hulle interne verskille te aanvaar.
- 'n Voorbeeld hiervan is Hindoeïsme.
- Van die begin af is plaaslike gewoontes/gebruike en gelowe/oortuigings by die hoofliggaam van Hindoeïsme geïnkorporeer.
- Daarom is daar verdraagsaamheid ten opsigte van interne verskille.
- Interkerklike organisasies word gevorm om gemeenskaplike terreine te vind en om die onderskeie subgroepe van 'n godsdienst te verenig.
- 'n Voorbeeld hiervan is die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke.
- Die doelwit is om die onderskeie vertakings van die Christelike godsdienst te verenig na die verdeeldheid wat deur apartheid veroorsaak is.
- Deur gemeenskaplike sosiale uitdagings (bv. armoede) aan te pak, werk verskillende kerkverbande saam vir die algehele welstand van die mensdom.
- 'n Gekoördineerde poging het 'n doeltreffender en meer ekonomiese gebruik van hulpbronne tot gevolg.
- Voorbeelde hiervan is die Heilsleër en Gift of the Givers.

LET WEL: Ander relevante punte moet gekrediteer word. (14)

1.2 VOORBEELD 1 :TAOÏSME

- Mense is 'n klein, mikroskopiese neweprodukte van die Tao se skepping.
- Die Tao is oneindig meer magtig as mense.
- Mense is nie 'n spesiale skepping nie, en hulle is nie in beheer van die wêreld nie.
- Die heelal sal voortgaan op sy pad, soos deur die Tao bepaal.
- Wat mense ook al doen, is presies volgens die luim van die Tao.
- Mense moet ook na die aarde kyk want besoedeling is skadelik vir ons.
- Dit word nie gedoen om die Tao tevrede te stel nie.
- Mense kan slegs 'n klein gedeelte van die skepping vernietig.
- Ten spyte hiervan sal die oorfloedige kreatiewe optrede van die Tao voortduur.

VOORBEELD 2: JUDAÏSME

- Mense word beskou as God se mees ongelooflike skepping.
- Judaïsme leer egter ook dat mense swak en onbenullig is.
- Dit is omdat ons in die versoeking gebring word om te sondig.
- Deur die Tora te volg, kan die mens geestelik verbondenheid met God bereik.
- Indien mense na die beeld van God geskape is, is die doel van die mens se bestaan om soos God te probeer wees.
- Mense moet nie net in die leringe/leerbeginsels glo nie, maar moet hulle geloof deur die regte optrede uitdruk.
- 'n Belangrike aksie wat Jode moet uitvoer, is liefdadigheid.
- Dit is gemik op die opheffing van die Joodse gemeenskap.
- Dit sluit ook uitreikprogramme vir nie-Jode in, aangesien hulle korrekte optrede tot die voordeel van die mensdom as geheel moet wees.

(16)

VRAAG 2

- 2.1
- In alle godsdienste is die oorspronklike inspirasie eers deur mondelinge tradisie versprei.
 - Dit beteken dat die oorspronklike boodskap mondelings van geslag tot geslag oorgedra is.
 - Mondelinge tradisie was 'n normatiewe bron van primêre belang regdeur die geskiedenis van godsdiens.
 - In die Afrika Tradisionele Godsdiens is die familiegeslagsboom die primêre heilige teks.
 - Heilige teks word steeds deur mondelinge tradisie versprei, bv. Afrika Tradisionele Godsdiens.
 - Skrif het eers ongeveer 4 000 jaar gelede in godsdiens sy opwagting gemaak.
 - Mondelinge tradisies wat neergeskryf is, het meer rigied geword.
 - Die heilige teks van die Christelike godsdiens is die Bybel.
 - Dit bevat die leringe/leerbeginsels van Jesus Christus. Dit is aanvanklik mondeling van geslag tot geslag oorgedra.
 - Oosterse godsdienste plaas minder klem op heilige teks as die Abrahamitiese gelowe. Die waarde van mondelinge tradisies is meer betekenisvol in Oosterse godsdienste.
 - Mondelinge tradisie is buigsaam en weerspieël plaaslike dialekte en kulture.

LET WEL: Ander relevante punte moet gekrediteer word.

(20)

- 2.2
- 2.2.1
- Dit was slegs godsdiens wat voor 1859 die bestaan van die mens en die heelal verduidelik het.
 - Byvoorbeeld, die Boek Genesis in die Bybel vertel in besonderhede hoe God die heelal en die mens geskep het.
 - Darwin se evolusieleer het 'n alternatiewe verduideliking van skepping gegee wat van die Abrahamitiese godsdienstige verduideliking van die skepping verskil het.
 - Hierdie teorie het verder 'n verduideliking gegee wat nie die bestaan van 'n Opperwese vereis het nie.
 - Darwin se evolusieleer het die mens tot net nog 'n ander dier wat uit ape ontstaan het, afgeskuif.
 - Die meeste gee egter spesiale status aan die mens.
 - In die Abrahamitiese gelowe word gesê dat die mens 'na die beeld van God' geskep is.
 - Die invloed van hierdie teorie daag die geloofwaardigheid van of die heilige tekste as 'n boodskap van God af, uit.
 - Die meeste mense het begin om die Genesis-weergawe van skepping as simbolies te hanteer.
 - Oosterse godsdienste, soos Hindoeïsme en Taoïsme, is nie deur Darwin se leer geraak nie.
 - Dit is omdat hulle minder klem plaas op die korrekte gelowe/oortuigings, en meer klem plaas op die korrekte optrede.

LET WEL: Ander relevante punte moet gekrediteer word.

(16)

2.2.2

- Godsdien word beskou as verdelend en ploffbaar.
- Baie oorloë en ander konflikte word op godsdien geblameer.
- Met die ontwikkeling van drukwerk, massa-onderwys en, nog meer onlangs, sosiale media, het die publiek die selfvertroue ontwikkel om onafhanklike denkers te wees.
- Hulle glo in hulle eie magte om te argumenteer/redeneer om godsdienstige doktrine te bevraagteken.
- Darwin se evolusieleer word in skole as deel van die kurrikulum geleer.
- Onlangse wetenskaplike ontdekkings het tot die gewildheid van die teorie aanleiding gegee, bv. die mensagtige fossiele wat by Marupeng (Wieg van die Mensdom) gevind is.
- Dit verskaf 'n alternatiewe verduideliking vir die godsdienstige standpunt oor hoe die mens ontstaan het.
- Daar is ook 'n afname in religiositeit (belangstelling in godsdien)
- Die toename in wetenskaplike navorsing wat oplossings gee vir menslike probleme, lei daartoe dat mense meer geloof in die wetenskap as in godsdien het.

LET WEL: Ander relevante punte moet gekrediteer word.

(14)
[50]

VRAAG 3

3.1 3.1.1

VOORBEELDE:

- A. Ierse Vryheidsoorlog. ✓✓ Katolieke ✓✓ teen Protestante ✓✓
 B. Konflik tussen Israel en Palestina. ✓✓ Israeli's/Jode ✓✓ teen Palestyne (Moslems en Christene) ✓✓
 C. Sri Lanka. ✓✓ Tamils (Hindoe) ✓✓ teen Boeddhiste/Sri Lankane ✓✓ (6)

3.1.2

A.

- Noord-Ierland is konstitusioneel deel van die Verenigde Koninkryk (VK).
- Die bevolking bestaan uit Katolieke en Protestante.
- Die konflik het in 1968 begin en in 1998 geëindig. Hierdie tydperk staan ook as 'The Troubles' bekend.
- Die Katolieke van Noord-Ierland het vir baie jare 'n onafhanklikheidsoorlog teen die VK gevoer en wou met die Republiek van Ierland (Eire) verenig.
- Die burgermag staan as die Ierse Republikeinse Leër (IRL) ('IRA') bekend.
- Die Protestante van Noord-Ierland het weerstand gebied en die VK ondersteun.
- Hierdie konflik kan as godsdienstige nasionalisme beskou word aangesien die Katolieke godsdienstige eenheid met Ierland wou hê.
- Dit kan ook as fundamentalisties beskou word omdat Protestante nie toegelaat is om by die IRL aan te sluit nie.
- Die konflik het tot 'n lang en bloedige burgeroorlog gelei wat eers onlangs opgelos is.

B.

- Die voortgaande konflik het begin met die totstandkoming van Israel in 1946.
- Onversetlike Israeli's en Zioniste maak daarop aanspraak dat, volgens hulle geskrifte, Palestina regtens aan die Jode behoort.
- Hierdie aanspraak word deur die Palestyne, baie Joodse organisasies asook sommige Ortodokse Jode verwerp.
- Godsdienste speel 'n klein rolletjie in die konflik.
- Die land Israel/Palestina is heilig vir Jode, Christene en Moslems.
- Die Al Aqsa-moskee in Jerusalem is Islam se derde heiligste plek.
- Jerusalem is ook vir Christene heilig aangesien dit is waar Christus gekruisig is.
- Jode beskou Jerusalem as die ligging van die Tempelberg/Tempel van Salomo.
- Al hierdie plekke het lank voor die skepping van Israel bestaan en is regdeur die geskiedenis deur verskillende stamme bewoon/beset.
- Godsdienste word as 'n verskoning vir die konflik gebruik.
- Daar is geen poging deur enige kant om mense na hulle geloof te bekeer nie.
- Die voortgaande besetting van Palestynse grond deur Jode (Joodse setlaars) is 'n belangrike faktor in die konflik.
- Die bou van onwettige nedersettings op hierdie grond is ook 'n belangrike faktor.

C.

- Ceylon se naam is in 1972 na Sri Lanka verander en Boeddhisme is as die land se godsdienst aangeneem. Dit het die Tamil-minderheid, wat Hindoe is, geantagoniseer.
- Tamil-Hindoes het gevoel dat die regering die Boeddhiste meerderheid voorstaan/bevoordeel en teen hulle diskrimineer.
- Die Tamil-Hindoes het die regering beskuldig dat hulle nie godsdienstige verdraagsaamheid en menseregte bevorder nie.
- Bv. Singalees was die enigste amptelike taal in Sri Lanka.
- Hierdie beleid het Tamil-Hindoes van die ekonomie uitgesluit.
- Boonop word Tamils verhinder om tersiêre onderrig te ontvang.
- 'n Militante groep, die Bevrydingstiere van Tamil Eelam ('Liberation Tigers of Tamil Eelam [LTTE]) het in die 1980's wapens teen die regering opgeneem. Hulle doelwit was om 'n onafhanklike Tamil-staat in die noorde van die land te vestig.
- Die regering het in 2003 probeer om Boeddhisme die enigste staatsgodsdienst te maak. Hierdie mosie het nie die vereiste politieke ondersteuning gehad nie en is nie wet gemaak nie.
- Die konflik het sowat 60 000 lewens geëis.
- Godsdienstige en kulturele diskriminasie was 'n belangrike bydraende faktor tot die konflik.

(20)

3.1.3

A.

- Daar is tans oor die algemeen vrede in die gebied.
- Die meerderheid mense ondersteun vreedsame samesprekings in plaas van gewapende konflik.
- Die IRL het hul aanspraak op onafhanklikheid van die VK laat vaar.
- Politieke mag word tans deur die Protestante en die Katolieke gedeel.
- Sommige politieke moorde vind steeds plaas en die 'Real IRA' maak aanspraak op verantwoordelikheid daarvoor.

B.

- Talle VN-resolusies is al aangeneem wat hierdie besetting veroordeel.
- Israel gaan egter voort om die VN-resolusies uit te daag en bou nog nedersettings op Palestynse grond.
- Daar is sporadiese aanvalle op Palestyne asook Jode.
- Die situasie bly steeds onstabiel.
- Geen oplossing is al vir die situasie gevind nie.

C.

- Daar is deesdae magtedeling in die regering.
- Die ekonomie groei en Sri Lanka is weer 'n gewilde toeristebestemming.
- Daar is verskeie oproepe gemaak om menseregteskendings tydens die oorlog te ondersoek.
- Die land beweeg stadig daarna om 'n ten volle gedemilitariseerde staat te word.
- Bekering na die godsdienst van jou keuse word toegelaat, d.i. godsdienstvryheid word gerespekteer.

(8)

3.2. JA

- In die meeste wêrelddele is godsdiens nie meer 'n belangrike faktor wat die politiek beïnvloed nie.
- Alhoewel konflik regoor die wêreld plaasvind, word dit nie meer deur godsdiens veroorsaak nie.
- Die meeste lande weerspieël deesdae heelwat godsdienstige diversiteit.
- Dit is omdat daar wêreldmigrasie is.
- Wêreldmigrasie vind om verskeie rede plaas, natuurrampe en oorloë ingesluit.
- Immigrante stel hulle eie godsdienste aan hulle nuwe lande bekend.
- Voorbeelde hiervan is die Siriese vlugteling in Europa, wat hoofsaaklik Moslem is.
- Hierdie konflik gaan nie oor godsdiens nie, eerder oor internasionale politiek.
- Nog 'n voorbeeld is die situasie in Suid-Soedan. Vlugteling is animiste, Christene en Moslems. Hulle neem hulle godsdienstige gelowe/oortuigings na nuwe lande.
- Intergodsdienstige dialoog het ook baie meer algemeen geword.
- Die sosiale media dra hiertoe by aangesien dit maklike toegang tot diverse godsdienstige inligting bied.

NEE

- Soos wat lande multigodsdienstige word, so neem die moontlikheid van godsdienstige konflik toe.
- Hierdie konflik is nie openlike oorlogvoering nie, maar behels onderdrukking van minderheidsgodsdienste.
- Die onderdrukking word vererger wanneer dit deur vir politieke voordeel uitgebuit word.
- 'n Voorbeeld hiervan is die situasie in die Sentraal-Afrikaanse Republiek.
- Politieke verskille het vinnig veroorsaak dat die land verdeel volgens Moslems en Christene.
- Die volksmoord van Rohingya-Moslems deur Boeddhistes in Myanmar is nog 'n voorbeeld.
- Aanvalle op Koptiese Christene in Egipte is 'n voorbeeld van laegraadse konflik.
- In die Siriese konflik is daar 'n sterk ondertoon van Soenni-Sjia-spanning aangesien die Siriese regering deur Sjia-Iran ondersteun word terwyl sommige van die militante groepe ondersteun word deur die VSA, wat met Soenni-Saoedi-Arabië geallieer is.
- In Europa en die Verenigde State van Amerika lei godsdienstige onverdraagsaamheid dikwels tot ontheiliging van plekke van aanbidding.
- Dit lei ook tot godsdienstige diskriminasie, soos die onlangse Amerikaanse verbod op sommige lande waar die meerderheid mense Moslems is.

LET WEL: Ander relevante punte moet gekrediteer word.

(16)
[50]

VRAAG 4

- 4.1
- 'n Wêreldbeskouing is die manier waarop ons sin maak van die wêreld om ons.
 - Daar is twee tipes wêreldbeskouings: die godsdienstige wêreldbeskouing en die sekulêre wêreldbeskouing.
 - 'n Godsdienstige wêreldbeskouing is die geloof/oortuiging dat die regering en moraliteit op godsdiens gegrond moet wees.
 - 'n Sekulêre wêreldbeskouing is die geloof/oortuiging dat die regering en moraliteit op menseregte, en nie noodwendig op godsdiens, gegrond moet wees nie.

(4)

4.2 **VOORBEELD 1: ATEÏSME**

- Ateïste verwerp die geloof/oortuiging dat goddelike of bonatuurlike magte bestaan.
- Ateïste draai dikwels na die wetenskap om die aard van die heelal te verduidelik, eerder as om op geloof staat te maak.
- Daar is verskillende grade van ateïsme.
- Sagte of neutrale ateïste verwerp nie die bestaan van 'n bonatuurlike wese aktief nie.
- Sterk of positiewe ateïste glo daar is bewyse om hulle ateïstiese beskouings te ondersteun.
- In sommige gevalle verwerp sagte ateïste beide teïsme en sterk ateïsme.
- Dit is omdat hulle voel beide wêreldbeskouings is afhanklik van bewyse om hulle aansprake te bewys.

VOORBEELD 2: SEKULÊRE HUMANISME

- Sekulêre humanisme glo dat die goddelike nie bestaan nie.
- Hulle verwerp godsdienstige geloof/oortuiging en die bestaan van die bonatuurlike.
- Soos ander vorms van humanisme, het hulle 'n algemene geloof/oortuiging wat menslike denke as primêr belangrik beskou.
- In hulle leringe/leerbeginsels beklemtoon die Raad vir Sekulêre Humanisme die volgende:
 - 'n Behoeftes om geloof/oortuigings te toets: 'n Oortuiging dat tradisies, ideologieë en dogma deur elke individu en nie deur geloof nie, getoets moet word.
 - Rede, bewyse, wetenskaplike metode: 'n Verbintenis tot die gebruik van kritiese redenering/denke, feitelike bewyse en wetenskaplike metode van ondersoek om die oplossings op menslike probleme te vind.
 - Vervulling, groei en kreatiwiteit: 'n Primêre belang by vervulling, groei en kreatiwiteit.
 - Soeke na die waarheid: 'n Voortdurende soeke na die objektiewe waarheid.
 - Etiek: 'n Soeke na haalbare individuele, sosiale en politieke beginsels van etiese optrede.
 - Geregtigheid en regverdigheid: 'n Belang om geregtigheid en regverdigheid in die samelewing te vestig.
 - Om 'n beter wêreld te bou: 'n Oortuiging dat rede, openlike uitruil van idees, welwillendheid en verdraagsaamheid gebruik kan word om 'n beter wêreld te bou.

(10 x 2)

(20)

- 4.3
- 'n Sekulêre wêreldbeskouing lei tot die ontwikkeling van demokratiese regering.
 - Sekulêre wette word die hoogste wette van die wêreld.
 - Die meeste godsdienstige mense pas by die sekulêre beskouing aan deur die skeiding van godsdiens en die staat te aanvaar.
 - Dit bevorder gewetensvryheid en geloof/oortuiging.
 - Dit gee 'n raamwerk van beginsels en etiese riglyne vir die lewe.
 - Die samelewing het die vryheid om die gesag van godsdienstige leringe/leerbeginsels te bevraagteken.
 - Sekulêre beskouings lei tot die ontwikkeling van wetenskap en tegnologie in die samelewing.
 - Dit bevorder vryheid van spraak waar die samelewing kan debatteer en party van die tradisionele gelowe/oortuigings kan bevraagteken.
 - Sekulêre beskouings lei tot die ontwikkeling van die Universele Verklaring van Menseregte.
 - Dit voorkom die dominerings van een godsdiens.
- (14)
- 4.4 **Historiese konteks**
- Dit beteken dat die geskifte verstaan moet word binne die konteks van die tyd en omstandighede waarin die teks geskryf is.
- Duidelikste betekenis**
- Die betekenis wat vir die lesers die duidelikste is, moet in ag geneem word.
- Plan, doel en konteks**
- Die skryfplan of struktuur van die hele dokument moet in ag geneem word.
 - Die doel van die skrywer moet ook in ag geneem word.
 - Die uittreksel moet as deel van die geheel beskou word.
- Betekenis van woorde**
- Vir die regte interpretasie moet die oorspronklike betekenis gebruik word aangesien die betekenis van woorde mettertyd verander.
- Figuratiewe taal**
- Figuratiewe taal wat in heilige tekste gebruik word, moet nie letterlik vertolk/geïnterpreteer word nie.
- Ander heilige tekste**
- Heilige tekste kan gebruik word om ander heilige tekste oor dieselfde onderwerp te interpreteer sodat daar konsekwentheid ten opsigte van leringe/leerbeginsels van 'n godsdiens en die heilige tekste daarvan is.
- LET WEL:** Enige DRIE van die punte hierbo moet gekrediteer word.
- (12)
[50]

VRAAG 5

- 5.1
- Diskriminasie is die onregverdige of bevooroordeelde behandeling van mense, veral op grond van ras, kleur, geslag, godsdiens, ouderdom, ens.
 - Diskriminasie beteken ook om mense met 'n ander sosiale agtergrond uit die ekonomie van die land uit te sluit.
 - Dit is 'n geloof/oortuiging dat mense van 'n sekere ras verhewe of ondergeskik aan ander rassegroepe is.
 - Apartheid in Suid Afrika is 'n goeie voorbeeld van rassediskriminasie.
 - Die volksmoord in Burundi is ook 'n voorbeeld van rassediskriminasie in Afrika.
 - Die Christelike godsdiens was die enigste staatsgodsdiens tydens die apartheidsregering. Ander godsdienste is nie erken nie en dit is 'n voorbeeld van godsdienstige diskriminasie.
 - Die doodmaak van mense met albinisme is 'n voorbeeld van diskriminasie wat op bygeloof gerond is.
 - Vroue in sommige beroepe verdien minder as hulle manlike eweknieë en dit is geslagsdiskriminasie. (12)
- 5.2
- Slagoffers van diskriminasie is dikwels sielkundig geraak en het nie selfvertroue/selfagting nie.
 - Diskriminasie veroorsaak geweld in die samelewing wanneer die slagoffers gelyke behandeling eis.
 - Slagoffers van diskriminasie word arm want hulle word uit die ekonomie van die land uitgesluit.
 - Diskriminasie veroorsaak 'n verdeelde samelewing waar mense volgens hulle rassegroepe leef. Dit veroorsaak baie vyandigheid.
 - Dit ontken 'n land sosiale samehorigheid.
 - Diskriminasie is dikwels die oorsaak van godsdienstige konflik in die samelewing. Dit gebeur wanneer een godsdiens deur 'n ander een onderdruk word.
 - Diskriminasie het swartes in Suid-Afrika van gehalte onderwys uitgesluit. Dit is steeds 'n uitdaging waarvoor die demokratiese regering te staan kom.
 - Geweld teen vroue kom voor as gevolg van geslagsdiskriminasie.
 - Godsdienstige groepe is dikwels volgens hulle rassegroepe verdeel, bv. swart kerke en wit kerke.
 - Godsdienstige diskriminasie lei tot sinkretisme en die stigting van die Onafhanklike Afrika-kerke of Afrika- Geïnisieerde Kerke. (10)

5.3 VOORBEELD 1: BOEDDHISME

- Boeddhisme leer dat diskriminasie 'n voorbeeld van onkunde is en verheewendheid is 'n voorbeeld van hunkering/drang na, is
- Onkunde en hunkering veroorsaak dat mense ly. Hierdie lyding word dukkha genoem.
- Boeddhiste glo in upekkha (gelyke respek vir almal).
- Hulle glo daar is geen fundamentele verskil tussen enige menslike wesens nie.
- Mahayana-Boeddhisme glo dat alle mense gelyk behandel moet word omdat ons almal verligte wesens kan word.
- Almal kan verlig word ongeag kultuur, ras of sosiale agtergrond.
- Hulle glo dat die bereiking van verligting die oplossing tot diskriminasie is.

VOORBEELD 2: CHRISTELIKE GODSDIENS

- Christene glo dat alle menslike wesens na die beeld van God geskep is.
- Ons is gelyk voor die Skepper en daarom moet ons mekaar met eerbied en respek behandel.
- Diskriminasie is teen die kreasionistiese leringe/leerbeginsels van die Christelike godsdiens.
- Jesus Christus het Sy volgelinge geleer om mekaar lief te hê soos jouself.
- Diskriminasie is sonde teen die gebod van liefde.
- Een van die Tien Gebooie is om jou naaste soos jouself lief te hê.
- Liefde diskrimineer nie op grond van ras, kleur, godsdiens, geslag en seksuele oriëntering nie.
- In die gelykenis van die Samaritaan het Jesus ons geleer dat jou naaste enige lewendige mens is ongeag ras, kleur of godsdiens.
- Die apostel Paulus leer ons dat alle nasies volgens dieselfde bloed geskep is en in verskillende lande of op verskillende plekke geplaas is om God te soek.
- Geen land of ras is verheewe bo 'n ander een nie.
- Een van die unieke eienskappe van die Christelike godsdiens is die geloof/oortuiging dat Jesus vir die hele mensdom gesterf het en dit beteken ons moet mekaar as gelykes behandel.
- 'Want God het die wêreld so lief gehad dat Hy Sy enigste Seun gegee het.' Dit wys dat God nie op grond van godsdiens of ras diskrimineer nie, maar 'Sy enigste Seun' vir die hele mensdom gestuur het.

(18)

- 5.4
- Godsdienstige organisasies moet saam die regering staan en veldtogte teen diskriminasie hou.
 - In hulle godsdienstige samekomste moet hulle leringe/leerbeginsels beklemtoon wat eenheid aanmoedig en enige vorm van diskriminasie verwerp.
 - Hulle kan pamflette teen diskriminasie laat druk en in hulle gemeenskappe uitdeel.
 - Internasionale godsdienstige organisasies moet vertakkings hê wat strategiese programme teen diskriminasie implementeer.
 - Godsdienstige organisasies moet saam alle sportorganisasies werk om teen diskriminasie in sport te veg.
 - Hulle moet jeug-intergodsdienstige en kulturele kampe hou waar die jeug met mense van verskillende rasse en godsdienste kan interaksie hê.
 - Godsdienstige organisasies moet deur hulle eie voorbeeld lei en verseker dat hulle organisasies alle rasse, geslagte, gelowe/oortuigings, kleur en oudersgroepe insluit.

(10)
[50]

TOTAAL: 150